GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2020

10711

REKENINGKUNDE

VRAESTEL 1

TYD: **2 uur**

PUNTE: **150**

12 bladsye + ’n formule blad

B.O.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die onderstaande instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig na.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ’n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ’n donker potlood of blou/swart ink gebruik om jou vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon alle berekeninge tot EEN desimale punt.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n gids om die vraestel te beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk nie.

VRAAG 1: 50 punte; 40 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Konsepte en Finansiële State	**Finansiële rekeningkunde** Konsepte Inkomstestaat, Notas en Balansstaat

VRAAG 2: 50 punte; 40 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantvloeistaat	**Finansiële rekeningkunde** Konsepte Notas tot die balansstaat Berekeninge tot die kontantvloeistaat Kontantvloeistaat

VRAAG 3: 50 punte; 40 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Ontleding van Inligting en Ouditverslag	**Finansiële rekeningkunde** Finansiële aanwysers Ontleding van interpretasie en ouditverslag **Bestuur van hulpbronne** Internekontrole

VRAAG 1: KONSEPTE EN FINANSIËLE STATE **(50 punte: 40 mir**

1.1 Kies die korrekte woord uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Riglyne vir die opstel van finansiële state om konsekwentheid te verseker	A	Memorandum van Inkorporasie
1.1.2	Die uiteensetting van die regte, pligte en verantwoordelikhede van aandeelhouers en direkteure	B	IFRS/IFVS
1.1.3	Die totale aantal aandele wat 'n maatskappy mag uitreik	C	Paringsbeginsel
1.1.4	Inkomste wat gedurende 'n rekeningkundige periode gegenereer word, moet ooreenstem met uitgawes gedurende dieselfde periode	D	Gemagtigde aandelekapitaal
		E	Lopendesaak-beginsel

(4)

1.2 **TWEE-RIGTING BEPERK**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Twee-Rigting Bpk, vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020.

GEVRA:

1.2.1 Verwys na **INLIGTING E** en bereken die korrekte netto wins na belasting. (12)

1.2.2 Stel die volgende nota tot die Balansstaat, vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020, op.

- Handels en ander ontvangbares (9)

1.2.3 Stel die Balansstaat (Staat van die Finansiële Posisie) van Twee-Rigting Bpk. soos op 29 Februarie 2020, op.
(Waar notas nie verlang word nie, toon jou bewerkings in hakies om deelpunte te verdien.) (25)

INLIGTING:

A. Die volgende syfers is ’n uittreksel uit die rekeningkundige rekords op 29 Februarie 2020, die einde van die finansiële jaar.

Gewone aandelekapitaal	?
Behoue inkomste (29 Februarie 2020)	805 140
Vaste Bates (teen drawaarde op 29 Februarie 2020)	5 180 652
Lening: Kanara Bank (29 Februarie 2020)	622 800
Vaste Deposito: Fargo Bank (1 Maart 2019)	504 000
Bank (Dt)	?
Krediteurekontrole	?
Debiteurekontrole	64 800
Voorraad	757 800
Voorsiening vir oninbare skulde	3 420
SAID: Inkomstebelasting (Voorlopige belasting betalings)	524 520

B. AANDELEKAPITAAL

- Die maatskappy het ’n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 aandele.
- 60% van die gemagtigde aandelekapitaal is uitgereik aan die begin van die finansiële jaar.
- Op 31 Maart 2019, het die direkteure 200 000 addisionele aandele uitgereik.
- Op 31 Desember 2019, het die direkteure besluit om 100 000 aandele terug te koop uit die boedel van ’n aandeelhouer wat oorlede is.
- Die netto batewaarde per aandeel op 29 Februarie 2020 is 8,80 sent.

C. DIVIDENDE

- ’n Tussentydse dividend van 45 sent per aandeel is verklaar en betaal op 1 Augustus 2019. Nuwe aandeelhouers kwalifiseer vir tussentydse dividende.
- ’n Finale dividend van 81 sent per aandeel is verklaar op 29 Februarie 2020. Die aandeelhouer wie se aandele teruggekoop is, is nie geregtig op die finale dividend nie.

D. Die leningstaat ontvang van Kanara bank toon die volgende:

Beginsaldo (01/03/19)	R 846 000
Terugbetaling gedurende die jaar (rente ingesluit)	223 200
Eindsaldo (29/02/20)	709 200

- Maak voorsiening vir rente op die lening.
- Die kapitaalterugbetaling van die lening sal dieselfde bly soos die van dié vorige finansiële jaar.

b.o.

E. Die netto wins is R1 810 404 **voordat die volgende aansuiwerings in ag geneem is.**

- Rente op vaste deposito word teen 10% per jaar verdien en word nie gekapitaliseer nie. Geen rente is ontvang nie. 40% van die vaste deposito verval op 30 Junie 2020.

- Rente op die lening is ook nie in berekening gebring nie. Rente op die lening word gekapitaliseer.

- Voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot 5% van uitstaande debiteure.

- Huurinkomste ontvang beloop R94 608. Dit sluit die huur vir Maart en April 2020 in. Die huur is met 15% verhoog op 1 Januarie 2020.

- Handelsvoorraad, R25 200 is tydens 'n storm gedurende die jaar beskadig. Die versekeringsmaatskappy het die eis aanvaar en sal 70% van die eis dek. Die versekeringseis sal gedurende Mei 2020 geprosesseer word.

- Versekering sluit 'n jaarlikse polis van R15 120 in. Dit is op 1 Augustus 2020 betaal.

- Direkteursfooie van R9 000 is nog steeds uitstaande op 29 Februarie 2020.

- Inkomstebelasting vir die jaar beloop R483 120.

50

VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT **(50 punte; 40 minute)**

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer. (3)

2.1.1 As die leningsbedrag vanaf die vorige jaar toeneem, is dit ’n uitvloei van kontant.

2.1.2 Terugkoop van aandele verminder die kontantvloei van finansieringsaktiwiteite.

2.1.3 Toename in debiteure vorm nie deel van die verandering in bedryfskapitaal nie.

2.2 **UHLAZO BPK**

Die inligting hou verband met Uhlazo Bpk. vir die finansiële jaar geëindig op 30 April 2020.

GEVRA:

2.2.1 Voltooi die volgende notas tot die Balansstaat:

- Gewone Aandelekapitaal (11)
- Behoue Inkomste (13)

2.2.2 Bereken die volgende syfers vir die Kontantvloeistaat op 30 April 2020:

- Belasting betaal (4)
- Dividende betaal (3)
- Lening terugbetalingsbedrag (2)
- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (5)

2.2.3 Stel die KONTANTVLOEI UIT DIE BELEGGINGSAKTIWITEITE afdeling van die kontantvloeistaat op 30 April 2020, op. (9)

INLIGTING:

A. Uittreksel van inligting uit die Inkomstestaat op 30 April 2020:

Rente uitgawe	45 900
Waardevermindering	26 900
Inkomstebelasting (30% van die Netto Wins)	360 000

B. Uittreksel van inligting uit die Balansstaat op 30 April:

	30 April 2020	**30 April 2019**
Vaste Bates (drawaarde)	5 890 000	5 328 000
Vaste Deposito	210 000	**?**
Kontant en kontantekwivalente	91 400	22 000
Aandeelhouersbelang	**2 739 000**	**2 106 000**
Gewone aandelekapitaal	1 815 000	1 500 000
Behoue Inkomste	924 000	606 000
Lening: Ivory Bank	135 000	246 000
Oortrokke Bank	0	35 600
SAID: Inkomstebelasting	12 800 (Kt)	22 600 (Kt)
Aandeelhouers vir dividende	**?**	220 500

C. Inligting oor Aandelekapitaal:

Gemagtigde aandelekapitaal van 1 200 000 gewone aandele

Uitgereikte aandelekapitaal

- Op 1 Mei 2019, is daar 480 000 aandele uitgereik.
- Op 30 Julie 2019, is addisionele aandele uitgereik.
- Op 31 Januarie 2020, is 50 000 aandele terug gekoop en 'n bedrag van R220 000 is betaal.

D. 'n Tussentydse dividend van 21 sent per aandeel is op 31 Desember 2019 betaal. Nuwe aandeelhouers is geregtig op tussentydse dividende.

'n Finale dividend van 62 sent per aandeel is verklaar op 30 April 2020. Slegs aandeelhouers wat geregistreerd was op 30 April 2020 kwalifiseer vir die finale dividend.

E. Die netto batewaarde per aandeel, nadat die bogenoemde in ag geneem is, is 498 sent.

F. Addisionele vaste bates is aangekoop gedurende die finansiële jaar.
'n Ou voertuig is verkoop teen boekwaarde gedurende die finansiële jaar.

G. Een derde van die vaste deposito verval op 31 Desember 2019.

50

VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE EN OUDITVERSLAG

(50 punte; 40 minute)

3.1 AVIEE BPK

Inligting is uit die finansiële state van Aviee Beperk getrek. Die maatskappy is genoteer/gelys op die sekuriteitebeurs.

GEVRA:

3.1.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 August 2020.

- Vuurproefverhouding (4)
- Skuld-Eienaarsbelangverhouding (3)
- Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (5)

3.1.2 Lewer kommentaar oor die dividendebeleid vir 2020. Voorsien 'n berekening om jou antwoord te staaf. (5)

3.1.3 Die direkteure het besluit om die dividendebeleid in 2020 te verander. Gee TWEE redes vir die verandering. (4)

3.1.4 Lewer kommentaar oor die hefboomfinansiering en die graad van risiko vir 2020. Haal TWEE relevante aanwysers in jou kommentaar aan. (6)

3.1.5 Die aandeelhouers is ontevrede met die terugkoopprys van aandele. Gebruik toepaslike aanwysers en syfers en verduidelik waarom hulle ontevrede is. (3)

INLIGTING:

Uittreksel uit die finansiële state op 31 Augustus 2019 en 2020:

	2020 R	2019 R
Vaste deposito: Sierra Bank	200 000	480 000
Lening: Max Bank	3 000 000	1 200 000
Bedryfsbates (voorraad ingesluit)	2 273 400	2 492 800
Voorraad	942 200	1 435 100
Bedryfslaste	1 024 000	1 511 000
Kontant en kontantekwivalente	72 800	4 800
Oortrokke bank	0	224 000
Aandeelhouersbelang	13 686 600	11 653 000
Aandeelhouers vir dividende	264 000	352 000
Netto wins voor belasting	1 908 000	
Inkomstebelasting	30%	

Finansiële aanwysers op 31 Augustus:

	2020	2019
Bedryfskapitaalverhouding	2,2 : 1	1,6 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,7 : 1
Skuld-Eienaarsbelangverhouding	?	0,1 : 1
Verdienste per aandeel	77 sent	87 sent
Dividende per aandeel	40 sent	80 sent
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAHB)	?	11,9%
Opbrengs op kapitaal aangewend (OOTKA)	16,4%	15,3%
Netto batewaarde	778 sent	728 sent
Rentekoers op lenings	13%	12%
Markprys op JSB	780 sent	725 sent
Rentekoers op vaste deposito	11%	11%
Aantal aandele	880 000	?
Prys waarteen aandele teruggekoop is	800 sent	

30

3.2 OUDITVERSLAG

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die ouditverslag van die onafhanklike ouditeure van Ivory Beperk.

GEVRA:

3.2.1 Verduidelik kortliks die rol van die onafhanklike ouditeur. (2)

3.2.2 Watter tipe ouditverslag het Ivory Beperk ontvang? Verduidelik jou antwoord. (3)

3.2.3 Aan wie is die ouditverslag geadresseer? (1)

3.2.4 Noem TWEE moontlike gevolge vir die onafhanklike ouditeur as hy NIE die skenking in sy verslag genoem het nie. (2)

3.2.5 Noem EEN gevolg wat hierdie verslag op die maatskappy kan hê. (2)

3.2.6 Hoe sal hierdie verslag die prys van aandele beïnvloed? (2)

3.2.7 Verduidelik waarom die onafhanklike ouditeure na die IFRS in die ouditverslag verwys. (2)

3.2.8 Die direkteur noem dat die skenking aan die skool 'n Korporatiewe Maatskaplike Beleggingsinisiatief (KMB) is.

(a) Verduidelik die behoefte aan 'n korporatiewe maatskaplike belegging. (2)

(b) Wat verstaan jy as daar verwys word na die *drieledige-basislyn*? (2)

(c) Watter komponent van die jaarlikse gepubliseerde finansiële state moet inligting oor die skenking aan die COVID-19 Kospakkiehulpverlening bevat? (2)

INLIGTING:

UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN IVORY BEPERK

Verantwoordelikheid van Onafhanklike Ouditeure
Ons het die finansiële jaarstate wat op bladsy 31 tot 53 uiteengesit is, bestudeer.

Basis vir die Kwalifikasie van Mening
Die skenking van voorraad vir R350 000 wat aan die plaaslike COVID-19 Kospakkiehulpverlening gemaak is, kon nie geverifieer word nie, aangesien daar geen dokumentasie vir hierdie uitgawes bestaan nie. Gevolglik is die voorraadnota te hoog aangetoon, asook die bedryfuitgawes in die Staat van Omvattende Inkomste is te laag aangetoon.

Ouditmening
Weens die belangrikheid van die bogenoemde sake, kon ons nie voldoende ouditbewyse verkry om 'n basis vir 'n ouditmening te bied nie. Gevolglik gee ons geen mening oor die finansiële state van Ivory Bpk. vir die jaar geëindig 31 Julie 2020 nie.

Seshohli & Chetty, Geoktrooieerde rekenmeesters (SA)

20

TOTAAL: 150

END

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhouersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (* Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	

Nota:

* In hierdie geval, indien daar ’n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende ’n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.